# Sakeliga KragDag 2022

## Reëls en reëlings vir Vee-ras Tentoonstelling Uitstallers (Groot- en kleinvee)

1. **Ekspo tye:** Die ekspo is drie dae lank (Donderdag 11 tot Saterdag 13 Augustus) en die tye is 8:00 tot 17:00 elke dag, waartydens geen voertuie op die terrein toegelaat sal word nie.
2. **Geen siek diere:** Geen siek diere word op die terrein toegelaat nie.
3. **Veehanteerders registrasie:** Veehanteerders moet asseblief ook as bemanning geregistreer word. Veehanteerders wat nie vooraf geregistreer het nie, sal soos enige besoeker R100 ingangsgeld betaal.
4. **Biosekuriteit:** Die Biosekuriteit-Veeartsverklaringvorm moet asseblief ingevul word en 'n afskrif daarvan tydens die aflaai van die ekspo-diere by die diensdoenende KragDag beampte ingehandig word om in die diereregister opgeteken word.
5. **Aflaai van vee:** KragDag voorsien mobiele laaibanke en vee kan Woensdag 10 Augustus reeds afgelaai word, en moet teen Maandag 15 Augustus van die terrein verwyder wees. Waar verkies, kan uitstallers ook hulle diere daagliks inbring.
6. **Veeuitstalling:** Veekampies is 3m x 3m vir beeste en perde en 1,85m x 1,85m vir skape, bokke en miniatuurperde. Elke uitstaller word ook van 'n 3m x 3m bemarkingspasie langs die veekampies voorsien. Skadu vir die diere geskied by wyse van 'n oorhoofse skadunet of rektent.
7. **Welstand:** KragDag voorsien hooi/gras vir "beddegoed" vir die diere. Boere is verantwoordelik vir eie voer- en waterbakke. Diere moet te alle tye van kos en water voorsien word. Veehanteerders is te alle tye verantwoordelik vir die welstand van vee en moet saam met die sekuriteit na-ure rondtes by die vee doen, waar nodig.
8. **Skoonmaak van kampies:** 'n Diensvoertuig sal voor 8:00 en weer vanaf 12:00 by veekampies verby ry om enige vuil hooi wat uitgesit is, te verwyder.
9. **Veearts:** 'n Veearts sal namens KragDag tydens die ekspo op die terrein diens doen.

10. **Veehanteerders akkommodasie:** Ablusiegeriewe asook ‘n kombuistent met ‘n stofie, tafel en gasbottel word in die veehanteerders huisvestingarea voorsien. Elke uitstaller is verantwoordelik vir eie kos, eet- en kookgerei, beddegoed en tente.

Vir navrae skakel met ons by info@kragdag.co.za of 087 231 1644 (ook vir WhatsApp).